# UITNODIGING OM KOMMENTAAR TE LEWER OP DIE VOORNEME VAN DIE MINISTER VAN LANDBOU, GRONDHERVORMING EN LANDELIKE ONTWIKKELING OM DIE OMSKRYWING VAN DIE REGSGEBIED VAN DIE AKTE REGISTRASIEKANTORE IN JOHANNESBURG EN PRETORIA TE HERBELYN EN TE WYSIG

Die publiek en alle belanghebbende partye word uitgenooi om kommentaar te lewer op die voorneme van die Minister van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling en om die regsgebied van die akte registrasie kantore in Johannesburg en Pretoria te herbelyn en te wysig soos hieronder uiteengesit.

Ingevolge artikel 1 van die AkteRegistrasie Wet, 1937 (Wet No. 47 van 1937), kan die Minister van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming van tyd tot tyd, behoudens die wetsbepalings op die staatsdiens, by kennisgewing in die Staatskoerant—

- Registrasiekantore stig of afskaf;
- Subregistrasiekantore binne die gebied van registrasiekantore stig of afskaf; en
- Die name en ligging van sodanige kantore bepaal, die onderskeie gebiede daarvan omskryf, of so 'n bepaling of omskrywing wysig.

**Die Minister is van voorneme om:**

- Die omskrywing van die regsgebied van die registrasiekantoor in Pretoria te wysig na die grense van die Stad Tshwane Metropolitaanse Munisipaliteit, vanaf 'n datum wat nog bepaal en in die Staatskoerant gepubliseer moet word.
- Die omskrywing van die regsgebied van die registrasiekantoor in Johannesburg te wysig na die grense van die Provinsie van Gauteng, uitsluitend die gebied wat deur die registrasiekantoor in Pretoria bedien word, vanaf 'n datum wat nog bepaal en in die Staatskoerant gepubliseer moet word.
- Die status quo ten opsigte van die regsgebied van die registrasiekantore vir die registrasie van die stigting van 'n dorp, soos beoog in artikel 46A van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, en die registrasie van plaas- en landbougrond, sal in plek bly totdat wetgewing gewysig is om toe te laat dat registrasie kan plaasvind in ooreenstemming met die omskrywing van die gebiede van die registrasiekantore in Pretoria en Johannesburg, soos gewysig moet word.
- Die status quo ten opsigte van die areas in die Nord Wes provinsie wat tans bedien word deur die Pretoria akte kantoor bly onveranderd tot tyd en wyl andersins bepaal deur die Minister by kennisgewing in die Statskoerant.

Die doel van die herbelyning van die regsgebied van die registrasiekantore in Gauteng is om verbeterde toegang tot akteregistrasiedienste vir alle burgers van die provinsie te verseker. Die huidige diensleweringsmodel is van só 'n aard dat kliënte lang afstande moet aflê om toegang tot akteregistrasiedienste te verky. Die herbelyning van die regsgebiede van die Pretoria- en Johannesburg-registrasiekantore sal verseker dat die Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling grondwetlike hervormings in die huidige diensleweringsmilieu implementeer.

**Uitnodiging om skriftelike voorleggings/kommentaar:**
Die publiek en alle belanghebbende partye word hiermee uitgenooi om skriftelike voorleggings te maak/kommentaar te lewer in verband met die beoogde wysiging aan die regsgebiede van die Pretoria- en Johannesburg-registrasiekantore:

**Vir aandag:**
Die Hoofregistrateur van Aktes
Departement van Landbou, Grondhervorming en Landelike Ontwikkeling
Private Sak X918
Pretoria 0001
E-pos aan: deeds.alignment@dalrrd.gov.za of kontak: Mr Calvin Ranwedi Neluvhola (012 338 7124)

Skriftelike voorleggings/kommentaar moet die Hoofregistrateur van Aktes binne 30 dae vanaf publikasie van hierdie kennisgewing bereik, en voorleggings/kommentaar wat na die sluitingsdatum ontvang word, kan geïgnoreer word.

**Let ook asseblief op die volgende:**

1. Verdere inligting aangaande die beoogde wysiging van die regsgebiede van die Pretoria- en Johannesburg-registrasiekantore sal op Maandae, Dinsdae en Woensdae slegs tussen 10h00 en 13h00 beskikbaar wees, in gedrukte en elektroniese platforms, vanaf die datum van publikasie van hierdie Kennisgewing in die Staatskoerant, tot met die sluitingsdatum vir voorleggings/kommentaar, uitsluitend openbare vakansiedae, by die beamptes hieronder gelys:

Johannesburg-registrasiekantoor:
Me Paulina Zwartland, hoek van Von Wielligh- en Jeppestraat, Kantoorno.: 2504, 25ste verdieping, Marble Towers-gebou, kantoortelefoonnommer: 011 843 8300/8311 / selfoonnommer: 082 498 5355, epos: Paulina.Zwartland@dalrrd.gov.za

Pretoria-registrasiekantoor:
Me Getrude Ngapo, hoek van Bosman- en Pretoriusstraat, Kantoor 412, 4de verdieping, Merino-gebou, kantoortelefoonnommer: 27(0)12 338 7274/7034 /8305 / selfoonnommer: 082 229 0502, epos: Getrude.Ngapo@dalrrd.gov.za

2. Skriftelike voorleggings/kommentaar kan in enige amptelike Suid-Afrikaanse taal verwoord wees.

3. In gevalle waar voorleggings/kommentaar na die sluitingsdatum ontvang word, en afgekeur word op grond daarvan dat dit laat ontvang is, kan versoeke om kondonering van laataansoeke toegestaan word, welke versoeke om kondonering toegestaan kan word op grondige redes aangevoer deur die persoon wat die kommentaar ingedien het, met dien verstande dat sodanige kondonering nie aanleiding sal gee tot onnodige vertragings of andersins die publieke belang sal benadeel nie. Gronde vir kondonering moet skriftelik ingedien word nie later nie as vyf (5) werksdae na die sluitdingsdatum vir voorleggings/kommentare.
4. Nadat alle voorleggings wat van belanghebbende en geaffekteerde partye ontvang is deur 'n Interne Hersienings Paneel oorweeg is, sal die Minister se besluit ten opsigte van die wysiging van die regsgebiede van die King William's Town- en Mthatha-registrasiekantore in dieselfde Staatskoerant gepubliseer word, sowel as in druk en elektroniese kommunikasie platforms.
5. Belanghebbende en geaffekteerde partye mag daarna teen die beslissing appelleer, en die appèlproses sal duidelik in die voorafgenoemde publikasies uiteengesit word.

Vir die gedetailleerde kennisgewing besoek: www.dalrrd.gov.za

**MEV A. T. DIDIZA, MP (GETEKEN)**
**MINISTER VIR LANDBOU, GRONDHERVORMING EN LANDELIKE ONTWIKKELING**